# Waterkruik

JAARGANG 61 NO 14 7 April 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

## DIENSBEURTE

**Oggend : Wyke 9 & 10**
*Oudle.:* Br. Sean van der Merwe
Br. Alwyn Rossouw
*Diakens:* Br. Theuns van Wyk
Br. Braam Smith
Br. Louw Lemmer
Sr. Fransma Scheepers

**Aand: Wyke 11 & 12**
*Oudle.:* Br. Tommie Venter
Br. Wico Swanepoel
*Diakens:* Br. Herman van Heerden
Br. Hanno Steenkamp

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonalekas

***By die deure:***
***Teologiese Studentekas***
Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.



## KATKISASIE

Die katkisasie hervat vanoggend direk na die oggenderediens.

## BYBELSTUDIE

Die Maandag Bybelstudiegroep open op Maandag 8 April

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG:**
Katkisasie vir die hoërskoolleerders by die pastorie
18:00-18:45 Graad 7, 8
18:45-19:30 Graad 9, 10
19:30-20:15 Graad 11
20:15-21:00 Studente Bybelstudie

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie in die konsistorie

## TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 13 wat vanoggend olv sr. Vanessa Vermaak tee en koffie te bedien.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is. " Psalm 16:11*

*Vandag*
Sr. Therese d'Assonville 072 341 1943

*Maandag 8 April*
Tertius Esterhuizen (5) 082 824 7297

*Woensdag 10 April*
Br. Jaco du Plessis 083 410 3226
Sr. Annemay Fogwill 072 100 2619
Sr. Nicola Hoffmann 084 372 8874

*Donderdag 11 April*
Sr. Daleen Hoogenboezem 0823670144
Sr. Anet le Roux 066 542 1274
Sr. Alize Tredoux 082 553 0192

*Vrydag 12 April*
Martin Esterhuizen (3) 082 824 7297
Hanri Hermann (14) 082 461 8485
Sr. Corrie Kotze
Sr. Anne Labuschagne 076 872 9307
Br. Jandré Moolman 082 492 9016

*Saterdag 13 April*
Robé Berry (12) 083 630 9989
Br. Shaun Gresse 082 783 9586.
Br. Johan Reynders 082 903 6750
Helené van Heerden (5) 079 969 4949

Hartlik geluk aan *sr. Anne Labuschagne* wat Vrydag haar 85ste verjaardag vier. Mag die Here u elke dag naby wees en u seën met goeie gesondheid en geluk.

*Sr. Corrie Kotze* vier Vrydag haar 94ste verjaarsdag. Sy kan al vir 'n baie lang tyd nie die eredienste bywoon nie. Ons wens haar 'n geseënde nuwe lewensjaar toe.



*"Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang. God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom."*
Johannes 1:14, 16 & 17

## MEELEWING

*Br. Quintin Venter* 082 779 9005 ontvang DV Woensdag 10 April 'n stamsel-oorplanting. Ons bid dat die Here die behandeling sal seën en vir krag en genade vir die 3 weke van isolasie. Sterke ook aan sr. *Ammie* 076 012 4254 en die familie.

## BAIE DANKIE



Liewe Kerkraad en gemeente.

Baie dankie vir die briefie van meelewing wat ek onlangs-- na my operasie verlede maand-- van julle (via Nienke) ontvang het. Dankie ook vir julle gebede vir volkome herstel! "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking" (Jak.5 v 16).

Ek kan met groot dankbaarheid getuig dat ek reeds goed herstel het. My dierbare vrou Elsie staan my by en dien as inspirasie. Die Here is goed vir ons!

Met broedergroete, van Giel de Lange

## BEROEPENUUS

**Beroepe aanvaar**

- Rev. CMD (Mauritz) Bezuidenhoudt from the Calvary Presbytery (Presbyterian Church in America) to Grace Reformed Church of Northern Pretoria.

- Proponent CJ (Christiaan) Swanepoel na GK Derdepoort.

## BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS

*Br. Wim Coetzer* word vanaand in die amp van ouderling bevestig.

*Hartlik geluk. Mag die Here u wysheid en genade gee om die taak tot Sy eer te kan doen.*

Die volgende broeders ontvang Sondagaand ontslag uit die amp.

*As ouderlinge*, brs. Tinus Erasmus, Jaco Lindeboom en Herman Hamersma
*As diakens:* brs. Max Lange en Richart Keyser

Br Tinus Erasmus was van 2006 af ouderling in ons gemeente.

*Baie dankie aan die broeders vir die werk wat hulle vir 'n korter of langer tyd in die amp in die gemeente gedoen het. Ons wens julle alles van die beste toe.*

## JEUG VAN GISTER

Dis alweer kuiertyd rondom 'n koppie tee/koffie vir alle lidmate bo 60 Dinsdag, 9 April om 9:30 in die kerksaal. Ons gaan bietjie gesels oor: *"Interessante gedrag by bobbejane".* Kom deel asseblief julle kennis en ervarings met ons almal. Vir meer besonderhede skakel Rina Steenkamp 084 734 418



## ALLE SENIOR LIDMATE

Die seniorlidmate van GK Oos-Moot het ons gemeente se seniorlidmate uitgenooi na 'n Bybelvasvra en kuier by hulle op Woensdag 15 Mei 2024. Hulle het so lekker saam met ons lidmate by die gemeentekamp gekuier dat hulle

besluit het om ons vir dié geleentheid uit te nooi. Daar sal 'n gedeelte uit die boek Handelinge gegee word sodat ons bietjie kan voorberei. Emeritus predikant, ds. Eddie Tiemensma, sal die verrigtinge lei. **LW**. Dis nie 'n akademiese aanslag nie! Almal bo 60 is welkom. Ons sal bly wees om 'n voorlopige getal te hê om op te werk, dus sal dit waardeer word om teen Vrydag 12 April 'n aanduiding te kry. RSVP asseblief by Rina Steenkamp 084 734 4181. Meer besonderhede sal later volg.

## EREDIENSTYE

Die Breë Kerkraad vergader DV 2 Mei 2024 waar die Eredienstye hersien word.
Die kommissie vir Eredienstye het alreeds vergader en die voorstel is dat die huidige Eredienstye voortaan dieselfde gehandhaaf word regdeur die jaar 9:00 vm en 17:30 nm.

*U word uitgenooi om insette te lewer by jou Wyksouderling voor 2 Mei 2024*.

## NUUS VIR ONS SUSTERS

Sustersvergadering: Die bestuur en alle wyksusters vergader op 9 April .

*Ons bid die Here se seën toe op hierdie vergadering.*



*Alle susters* word uitgenooi na die Sustersbyeenkoms op 25 April 2024. Teken solank die datum in u dagboek aan. Meer besonderhede volg later.

## ORRELPROJEK MAART 2024

Noodsaaklike werk aan ons gemeente se pyporrel is gedurende Maart gedoen deur "PIPE ORGAN SPECIALISTS", voorheen bekend as Jan Zielman Orrelbouers. Die mense aan die stuur was mnr Archie Devere en sy span, terwyl mnre Jan Zielman en Ananias Devere verantwoordelik was vir die bou en herstel van beskadigde pype.

Ons orrel is in 1972 deur SAOB (Suid Afrikaanse Orrelbouers) geinstalleer. Dit het 'n elektro-pneumatiese aksie met 17 registers en 1,450 orrelpype. Die pype is gemaak uit mengsels van lood en tin, asook hout. Hierdie waardevolle "koning van die musiekinstrumente" is dan ook verseker vir R5,1 miljoen.

Die orrelprojek het die volgende behels:

**Fase 1:** Die vervanging van 920 geperforeerde leermembrane met ingevoerde poffers ("puffers").

**Fase 2:** Die verwydering van 1,450 pype en hul pyprakke. Die pype, pyprakke en die windlaai is opgeknap, skoongemaak, herstel en weer geverf. Die orrelkas (of

"chamber"), dws die volledige ruimte agter en onder die frontpype, is ook deeglik skoongemaak. Die stof wat oor 'n tydperk van 52 jaar versamel het, het 'n stoflaag van 5 cm oral agtergelaat!!

Daarna is die pyprakke en pype teruggeplaas en die pype gereguleer en geïntoneer. Die frontpype, waarvan meeste sprekend is, is weer geverf. Interessant om te weet is dat die pype, en alles daarmee gepaardgaande, ongeveer 8 maande sal neem om te vestig (oftewel "to settle in."). Fyner instemming sal tussendeur gedoen word, veral ten opsigte van die tongstemme.

Ons orrel jubel weer met helder, deurlugtige, skoon klanke!

Die volgende projek wat tans oorweging geniet is die omskakeling van die huidige analoog- na 'n digitale sisteem en die moontlike verskuiwing van die speeltafel na voor in die kerkruimte. Weens die plasing van die speeltafel agter en onder die orrelpype is daar 'n algemene klagte dat orreliste nie die orrel kan hoor soos dit werklik in die kerkruimte klink nie. Dit werk nadelig in op die bepaling van klank- en dinamiese balans met die begeleiding van gemeentesang.

Met hartlike dank aan die Kerkraad vir goedkeuring en implementering van hierdie projek.




**TIENER AKSIE AFSKOP**


## VANDAG



## TREK JOU SKOENE UIT – JY IS GEHEILIG DEUR CHRISTUS!

Skrifgedeelte: Eksodus 2:11 – 3:12

Die byvoeglike naamwoord "heilig" kom hier vir die eerste keer in die Bybel voor. "Heilig" is egter nie 'n onbekende woord vir kerkmense nie. Ons praat byvoorbeeld van die heilige Doop en Nagmaal. Van gelowiges word daar ook gepraat as die "heiliges". Die "Heilige" Gees. Die eerste bede van die "Onse Vader"-gebed lui: "Laat U Naam "geheilig" word."



Die woord "heilig" beteken: "rein, skoongewas, gewyd, afgesonder, eenkant gesit, anders, verhewe, behorende tot 'n ander kategorie" en soos dit in die eerste bede verklaar word, "uitgeken".

In Eksodus 3 pas Moses sy skoonpa, Jetro, se kleinvee op. Die Engel van die HERE verskyn aan Moses in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. (Die "Engel van die HERE" is Christus in die Ou Testament – vgl. Jes. 63:9). Die doringbos brand nie uit nie. Moses bekyk dit van nader, want hier is iets anders besig om te gebeur! God roep vanuit die doringbos (3:4): Trek jou skoene uit, want jy staan op heilige grond! Om skoene uit te trek, is 'n gebruik om te sê dat jy jou nederig vereenselwig met die stof van die aarde waaruit jy gemaak is. Hier moes Moses demonstreer dat hy in die verhewe, in die geheel en al andere en heilige God se teenwoordigheid maar net mens is. Dis die nederige teenoor die Heilige. Moses moet homself voor God ontbloot vir wie hy werklik is: 'n sondaar, doemwaardig, wat sy gesig moet verberg in God se teen woordigheid. Toe Moses sy opdrag kry, sê God eers: Ek sien my volk se ellende; Ek hoor my volk se jammerklagte; Ek ken my volk se smarte; Ek dink aan my beloftes aan hulle (2:23-25; 3:7-9). God sê: Ek ken jou, en tog stuur Ek jou om my volk uit te lei. Moses vra: Wie, ek – 'n sondaar, moordenaar, vlugteling, veewagter?

Ja, jý! Ék sal met jou wees en jou heilig (toerus, wy) vir die koninkrykswerk!

Broeder, suster, ampsdraer, lidmaat van die liggaam van Christus – om Christus wil is jy skoongewas, gereinig, toegerus, eenkant gesit, geroep, geheilig om die Here se Naam te heilig (uit te dra) daar waar Hy jou ookal roep!

*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*

## SNIPPERS




Kom kyk wat maak die Gereformeerde Skool Dirk Postma uniek en kom sien wat presies gereformeerde onderwys in die klas en op die sportveld behels. Voornemende leerders en hul ouers is welkom om vanaf 17:00 by die kleuter-, laer- en hoërskool te kom kuier. Gr RRRR-12-leerders is welkom om in te skryf. Vir meer inligting, besoek gerus die webblad by www.gsdp.co.za



*Glo met oortuiging dat Christus elke oomblik met jou is. Leef soos een wat elke oomblik in God se liefdevolle nabyheid is. Dit sal aan jou die krag gee om die eise van elke dag tegemoet te gaan. In voorspoed en in teëspoed, in vreugde en in verdriet, sal sy bevrydende teenwoordigheid jou lei tot 'n lewe van innerlike vrede en krag.*

*"En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Matt 28:20*

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469

**SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**ATTESSKRIBA**
Tinus Erasmus
082 410 2252

**OUDL. SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**VOORSITTER DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Hein Wichmann
082 873 3569

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan